DIE HISTORIESE KOMPAS

Nommer 1 **April 2013**

ONTSLUIT DIE KRAG VAN DIE GESKIEDENIS

Geagte Leser,

Dit wat u nou lees, is die eerste uitgawe van *Die Historiese Kompas*. Die oogmerk daarmee is om saam met ander Afrikaners, met ons geskiedenis as kompas, ‘n bydrae tot die herstel van die vryheid van ons volk te lewer.

‘n Kompas is ‘n betroubare rigtingwyser na ‘n voorafbepaalde bestemming omdat dit aan die magnetiese as van die aarde geanker is. Net so bied ons geskiedenis ‘n vaste en veilige basis om ons op koers te hou na die vryheidsbestemming.

- Dit bied aan ons die **geloofsbasis,** want ons geskiedenis lewer getuienis van die ingrype van ‘n Almagtige en Getroue God wat ons voorouers uit doodsgevare gered het.

- Dit bied aan ons die **beginselbasis** waarop ons volkslewe gebou is, wat van ons ‘n sterk en gerespekteerde volk gemaak het en ons deur vele voortbestaanskrisisse gedra het.

- Dit bied aan ons die **feitebasis** omtrent die verkryging van ons land en ons verhoudinge met ander volkere in Suid-Afrika.

- Dit bied aan ons die **ervaringsbasis** omdat dit getuienis lewer van die wyse waarop ons voorouers bedreigings en uitdagings hanteer het en waaruit ons baie kan leer.

- Dit bied aan ons ‘n **eenheidsbasis** vanwaar ons op ‘n eendragtige wyse die sprong na die toekoms kan waag.

- Dit lewer **voorbeelde** van manne en vroue wat gewillig was om die offers te bring wat die vryheidsideaal gevra het en wat deur hulle gelowige en verbeeldingryke dade vir ons as hulle nageslag ‘n land aan die wildernis, barbarisme en imperialisme ontruk het.

As ons ons geskiedenis as kompas vir ons vaart na vryheid gebruik, sal ons die eindbestemming bereik. Die inhoud van *Die Historiese Kompas* sal daarop gerig wees om

die waarhede van die geskiedenis vir die huidige geslag Afrikaners te ontsluit. In ‘n volgende uitgawe sal ons DV meer uitbrei oor die inhoud en ander operasionele aspekte van die blad.

Frikkie Strauss

REDAKTEUR

30 April 2013

CACACACACACACACACACACACACACACACA

HERDENK DIE LYDING VAN VROUE EN KINDERS IN DIE KONSENTRASIEKAMPE OP 16 JUNIE

Op 16 Junie sal Jeugdag weer in Suid-Afrika gevier word. Elke jaar op dié dag word die Soweto-onluste van 1976 herdenk. Skoolkinders is toe gemonster om in opstand te kom teen die gebruik van Afrikaans as onderrigtaal in swart skole. Wat is die historiese feite? In die boek *Verwoerd : Só onthou ons hom* wat in 2001 met die honderdjarige herdenking van Dr Verwoerd se geboortedag uitgegee is, verskyn ‘n hoofstuk oor Bantoe-onderwys. Dit is geskryf deur G J Rousseau, Direkteur-Generaal van die Departement Bantoe-onderwys tussen 1975 – 1982. Hy gee ‘n oorsig oor ontwikkelinge met betrekking tot Bantoe-onderwys. Hieronder volg ‘n kort opsomming daarvan.

DIE FEITE OOR JEUGDAG

Voor 1948 was Bantoe-onderwys beperk tot ‘n stelsel van gesubsidieërde kerkskole, waarvan die meeste Rooms-Katolieke en Anglikaanse skole was en waarin Engels die enigste voertaal was. Na 1948, onder leiding van Dr Verwoerd as Minister, is die internasionaal erkende beginsels van moedertaalonderrig ingevolge die Wet op Bantoe-onderwys van 1954 van Sub A tot Standerd 6 ingestel. In sekondêre onderwys is die beginsels neergelê dat die twee amptelike tale (toe Afrikaans en Engels) as media gebruik sal word totdat die swart gemeenskappe vir moedertaalonderrig sou vra. In daardie tyd is vraelyste vir skoolbeheerliggame se voorkeure in hierdie verband gesirkuleer. Van die respondente het 64% geantwoord dat hulle Afrikaans en Engels as onderrigmedium in sekondêre skole verkies en slegs 1% in hulle moedertaal. Rousseau beskryf die situasie wat kort voor die Soweto-onluste geheers het soos volg: “Die departement was baie tegemoetkomend. Geen onderwyser is verplig om 'n vak aan te bied in 'n taal wat hy nie magtig is nie. Watter vakke in Afrikaans en watter in Engels aangebied is, het van die skool se personeel afgehang. Met die onluste van 1976, gemik teen Afrikaans as voertaal in die skole, het die twee skole wat die voortou geneem het nie 'n enkele vak in Afrikaans aangebied vir die senior sertifikaat-eksamen nie – en dit 22 jaar nadat die wet in werking getree het!”

In daardie tyd is pamflette in Soweto versprei waarin swartes opgerui is om, soos dit in die pamflette gestel is, alle simbole van apartheid, insluitende skole, te vernietig. Die opstande het niks met onderwys of die jeug te doen gehad nie; dit was teen die Afrikaners gerig, want in daardie tyd was apartheid en Afrikaners uitwisselbare skeldwoorde vir dieselfde objek. Die Soweto-onluste van 1976 was een van die gebeure wat die grondslag vir die verlies van ons vryheid in 1994 gelê het en die verdrywing van die Afrikaner uit die posisie van politieke mag oor homself is in wese wat op Jeugdag gevier word. Ons as Afrikaners het dus geen belang by Jeugdag nie.

Daar is egter ‘n baie belangrike rede waarom ons volk wel groot belang by die datum 16 Junie het. Op Donderdag 16 Junie 1900 het Lord Roberts, bevelvoerder van die Britse magte tydens die Tweede Vryheidsoorlog proklamasie nr 5 uitgevaardig, ingevolge waarvan huise in die omgewing van beskadigde spoorweg- en ander toerusting afgebrand sal word en die inwoners as krygsgevangenes weggevoer sal word.

Dit was die begin van die Britse beleid van verskroeide aarde wat uiteindelik uitgeloop het op die dood van ‘n geraamde 27 000 Boerevroue en -kinders in die konsentrasiekampe. Hulle het die hoogste prys vir die vryheid van hulle volk en vir die skepping van ‘n lewensruimte vir ons as hulle nageslag betaal. As daar een groep mense is wie se offers deur ons op ‘n waardige wyse in herinnering geroep moet word, dan is dit hulle.

Op die DVD wat deur die Rudie Rousseau oor die Middelburg-konsentrasiekamp gemaak is en wat verderaan in hierdie blad bespreek word, stel Pierre Wilsenach voor dat 16 Junie in die toekoms deur ons as konsentrasiekampdag ingerig moet word. Daarmee kan ons onsself 100% vereenselwig. Die herdenkings kan op verskillende maniere gedoen word. Mense wat idees daarvoor soek, kan vir Pierre Wilsenach skakel by 082 – 925 6565. Baie van hierdie konsentrasiekampbegraafplase is egter in ‘n erge staat van verwaarlosing en in sommige gevalle oorgroei met gras en bossies. Daar kan begin word om dit skoon te maak en te herstel. Mense wat wil weet of daar van die begraafplase naby hulle geleë is, kan vir Rudie Rousseau skakel by 082 536 1917. Hy is besig met ‘n DVD-reeks oor die konsentrasiekampe en sal in staat wees om inligting daaroor te verskaf.

Die bekende Emily Hobhouse is oorlede op 8 Junie 1926. Herdenkingsgeleenthede kan so ingerig word om ook die nodige erkenning te gee aan die nalatenskap van hierdie merkwaardige vrou wat hoë persoonlike offers gebring het om die nood en lyding van vrouens en kinders in die konsentrasiekampe te verlig.

ଔଔଔ

‘n toekoms beroof word as ons nie die gepaste aksie daarteen neem nie. Die is waaroor hierdie projek handel.

BEWAAR ERFENIS DEUR MODERNE TEGNOLOGIE

Ons volk moet ingelig word oor die ware feite van ons geskiedenis. Deur die benutting van moderne tegnologie is ons nou in staat om die geskiedenis meer toeganklik te maak, veral vir die kinders van ons volk. Ons kon video-opnames bekom van films oor volkshelde, volksleiers en belangrike gebeurtenisse in ons geskiedenis en daarvan het ons DVD’s gemaak. In sommige gevalle was dit reeds in DVD-formaat. Ons het ook begin om klankbande oor te sit op CD’s. Dit word nou aan die publiek beskikbaar gestel.

HISTORIESE ERFENIS IN ELKE AFRIKANERHUIS

Die projek is primêr gerig op die bewaring van ‘n kosbare historiese erfenis waardeur ons weer tot ‘n ontdekking van ons ware identiteit kan kom. So kan ons die arendsvlerke sprei waarmee God ons begenadig het en wat ons moet benut om ‘n toekoms vir ons nageslag te skep, soos wat ons voorgeslagte dit vir ons geskep het. President Kruger het gesê: *Neem uit die verlede wat mooi en edel is en bou die toekoms daarop.* Winston Churchill het blykbaar iets hiervan begryp toe hy jare later gesê het*: Hy wat die diepste in die verlede kan inkyk, kan die verste in die toekoms insien.*

Soos reeds gesê, is die projek nie primêr ingestel op wins nie, maar om inligting aan die volk te verskaf. Daarom bied ons die materiaal teen baie verlaagde pryse aan. Persone wat graag van die materiaal wil bekom, maar dit selfs teen hierdie lae pryse nie kan bekostig nie, kan met ons skakel vir verminderde pryse. So ook persone wat graag groter hoeveelhede wil bestel. Blywende bewaring van hierdie erfenis sal eers waarlik suksesvol wees as die materiaal hul weg tot in elke Afrikanerhuis gevind het.

BOU ‘N TOEKOMS DEUR SKEPPENDE BETROKKENHEID

Deur u ondersteuning aan hierdie projek kan u ‘n konkrete, opbouende en positiewe bydrae tot die bewaring van ‘n besondere erfenis en die skepping van ‘n toekoms vir ons kinders lewer. Die projek is veral gerig op die oordrag van historiese kennis aan ons kinders. ‘n Kind sal baie eerder na ‘n DVD kyk as om ‘n geskiedenisboek te lees. ‘n Mens sal ook skaars aan ‘n beter geskenk van een Afrikaner aan ‘n ander een kan dink, as aan so ‘n DVD of CD.

Ons het ook voorsiening gemaak vir diegene wat deur die kyk en luister van die materiaal geprikkel word om meer kennis te bekom oor die onderwerpe waaroor dit handel. Op ons webtuiste by **www.suidland.net** is besonderhede van boeke wat daaroor gelees kan word.

NUWE TITELS

Ons stel hiermee graag die volgende DVD’s wat ons gedurende die afgelope paar maande ingekry het bekend:

- **Konsentrasiekampreeks**

  Die volgende nuwe titels is toegevoeg tot die konsentrasiekampreeks van Rudie Rousseau:

- **Kimberley**
- **Mafikeng**
- **Middelburg**
- **Vryburg**
- **Warrenton**

- **Jopie Fourie**: **Wat jy nie van die Boereheld geweet het nie**

  Vertellings deur Susanna Elizabeth Carolina van der Merwe. Haar moeder was Jopie Fourie se weduwee, wat na sy dood weer getroud is. Die vertellings is hoofsaaklik gebaseer op ervaringe van haar moeder. Baie interessante inligting oor Jopie, wat aan min mense bekend is, word in die vertellings geopenbaar.

- **Stem van 'n Profeet**

  'n Dokumentêre film oor Siener van Rensburg wat gedurende die negentiger jare van die vorige eeu gemaak is, maar wat nooit aan die publiek vrygestel is nie. Dit is 'n baie gebalanseerde en objektiewe weergawe van die lewe en visioene van Siener van Rensburg. Prof Andries Raath, kenner van Siener van Rensburg, is een van die gespreksgenote. Die DVD bevat ook videogrepe deur Rudie Rousseau van sy besoek aan die plaas Rietkuil waar die Siener gewoon het en aan die begraafplaas waar hy begrawe lê.

- **Against the Empire**

  'n Dokumentêre film oor die Tweede Vryheidsoorlog met Kenneth Griffith as kommentator. Benewens die algemene verloop van die oorlog, bevat dit 'n redelike omvattende weergawe van militêre operasies aan die Natalse front. Dit dek ook die mediabetrokkenheid by die oorlog redelik uitvoerig en die oorlog word in die film as" the first media war" bestempel. Dit vorm deel van 'n BBC-reeks oor die geskiedenis van Brittanje. Dit is nie dieselfde film as *The Boer War* nie.

Die jongste toevoegings bring die aantal titels wat deur Suidland Media aangebied word op 90 te staan. Die erfenisprojek het in September 2009 met 6 titels begin. Die volledige lys is as 'n aanhangsel hierby ingesluit. Besonderhede van nuwe toevoegings sal van tyd tot tyd in *Die Historiese Kompas* bekend gestel word.

Die Historiese Kompas word uitgegee deur *Suidland Media.* Dit sal op 'n periodieke grondslag verskyn en slegs in elektroniese formaat. Daar is geen kopieregte daarop nie en dit kan vryelik gedupliseer en op enige wyse versprei word. Kontakbesonderhede is soos volg: *toekoms@suidland.net, 022-913 2391, 082-493 3785, Posbus 339 Piketberg 7320.*